PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

## Impala vs Dragons

**Rustenburg** – Die Impala rugby klub speel die naweek, Saterdag 6 Mei 2017, sy eerste wedstryd op tuisbodem in die Carlton liga teen die Dragons van Pretoria-Noord. Na die eerste span se nederlaag teen Centurion verlede week sal die Newrak Impala span graag weer op die wenpad wil kom. Na twee wedstryde lees die uitslae een gewen en een verloor. Die Vikings het egter hul wedstryd teen Centurion gewen en is na twee wedstryde onoorwonne en lê tans bo-aan die punteleer.

Toegang tot die wedstryd die naweek is gratis. Die wedstryd tye is as volg;

- 0/20's en 3de span: 13:00
- 0/21's en Vikings: 14:30
- Newrak Impala 1ste XV: 16:00

Enige iemand wat by die klub wil aansluit, is meer as welkom om die welbekende hoofafrigter, Nico Le Roux, te kontak by 073-177 8299. Oefentye is Maandae, Dinsdae en Donderdae om 18h00-19h30. Enigeen is ook meer as welkom om die manne tydens oefening te kom ondersteun. Kom loer gerus!

RUGBY
RUSTENBURG IMPALA






## Superugby Week 10

**Highlanders vs Stormers**
In Dunedin word die Stormers weereens verniel deur 'n Kiwi orkaan. Die Highlanders dons die Kapenaars behoorlik op en wen 57-14. Waar die Stormers verlede jaar die span was met die mees indrukwekkendste statistieke op verdediging, val hulle heeltemal uit die bus in vanjaar se Superreeks. Die Stormers se ellende duur egter voort want hul volgende game is teen die 2016 Kampioenspan, die Hurricanes in Wellington. Die Highlanders reis SA toe om teen die Cheetahs in Bloem uit te draf.

**Chiefs vs Sunwolves**
Die Japanese Wolwe het die Chiefs in Hamilton besig gehou vir 'n hele tagtig minute ou grote! Was dit nie weereens vir die puik spel van Damian McKenzie met sy elektriese lopies nie, kon die Wolwe dalk vir 'n verrassing gesorg het. McKenzie het twee super drieë gedruk! Die Chiefs speel volgende teen die Reds met die Sunwolves wat Buenos Aires toe reis om teen die Jaguares uit te draf.

**Reds vs Waratahs**
Die Tahs het bietjie eer herwin na hul skoknederlaag teen die Kings en klop die Reds in Brisbane 29-26. Die Reds druk weliswaar vier drieë maar kon net nie daarin slaag om díe een te wen nie. In die doodsnikke het die Tahs verbete verdedig met die Reds wat 27 fases afgedwing het. Die Reds reis New Plymouth toe om teen die Chiefs uit te draf. Die Waraths speel tuis in Sydney teen die Blues.

**Force vs Leeus**
Die Leeus doen waarvoor gevra is deur Akker en kie en behaal 'n waardevolle bonuspunt teen die Force in Perth en wen 24-15. Dit was glad nie skouspelagtig nie maar 'n goeie wen doeronder ou grote. Die Leeus (37) is tans tweede op die algehele Super Log na die Crusaders (41). Die Force reis SA toe om teen die Haaie in Durban uit te draf met die Leeus wat teen die Rebels in Melbourne gaan kragte meet.

**Cheetahs vs Crusaders**
In Bloemfontein laat die verdediging, en veral die laaste driehoek, die Blikore lelik in die steek om 48-21 teen die Saders verneder te word. Die Cheetahs speel volgende teen die Highlanders in Bloem met die Crusaders wat Fort Loftus toe reis om teen die Bulle te gaan uitdraf. Die Saders het 'n groot terugslag met die besering aan Kieran Read wat vir ses weke uit aksie gaan wees.

**Kings vs Rebels**
En daar verras die Kings weer 'n Aussie span en klop die Rebels 44-3 in PE. Dit was ook seker die hoogste telling wat deur die Kings behaal is want gewoonlik is die telbord omgedraai teen hulle. Aan die anderkant slaap die Aussie coach ook nie deur nie want al die Aussies spanne kou klippe tot dusver in die Superreeks ou grote. Die Kings het 'n welverdiende loslootjie volgende en die Rebels speel tuis in Melbourne teen die Lions.

**Jaguares vs Haaie**
Die Haaie klop die Jaguares in 'n klipharde game 33-25 in Buenos Aires en speel strate beter ruggas as 'n week tevore in Durban. Die vaste vyf van die Haaie was op hulle stukke en het die Argentyne lekker geboelie. Die Jaguares speel volgende teen die Sunwolwes tuis met die Haaie wat in Durban teen die Force gaan uitdraf.

**Brumbies vs Blues**
In Canberra klop die Blues die Brumbies 18-12 om sodoende die Kiwi oorheersing oor die Aussies in te vryf in vanjaar se reeks. Die Brumbies is tans die voorste Aussie span op die log wat in die tiende plek skitter ou grote.
Die Brumbies het volgende 'n loslootjie met die Blues wat in Sydney teen die Waratahs gaan uitdraf.

**Nag ou grote…**